

Vrydag 29 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 13:10-14

Fokusgedeelte: Nehemia 13:14

## Ons doen in afhanklikheid van God ons werk

Ná die hoogtepunt van die inwydingsfees in Nehemia 12 is hoofstuk 13 'n skok vir 'n mens. Dit is 'n teleurstellende verhaal van roepingsversaking en pligsversuim, van gods-dienstige agteruitgang en geestelike verval!

In vers 6 noem Nehemia dat hy ná die inwydingsfees weer na Persië teruggekeer het. Heelwat later met sy terugkeer na Jerusalem het Nehemia die verskriklike godsdienstige verval raakgesien.

Dan sien ons Nehemia, die kragtige hervormer, aan die werk. Dit het nie vir hom oor homself en sy eie eer gegaan nie. In vers 14 bid hy: "Onthou tog wat ek gedoen het, my God! Moet tog nie dat my liefdesdade wat ek vir die huis van my God en vir sy diens gedoen het, vergeet raak nie."

Dit lyk asof Nehemia by God beloning soek. Nee, dit is glad nie so nie. Dit beklemtoon alleen Nehemia se afhanklikheid van die Here. Sonder God kon hy nie die bouwerk van die muur aangepak en voltooi het nie. En sonder God kon hy ook nie die hervormingswerk gedoen het nie. Die boek Nehemia begin en eindig met 'n biddende Nehemia. Hy weet waar sy krag vandaan kom. Hy soek sy krag en leiding by God alleen.

Wanneer ons soms 'n groot taak moet aanpak, is ons onseker en bang. Maar in ver-troue op die Here kan ons die werk aanpak. Ons hou ons oë in die geloof op Jesus Christus wat nie vir sy werk teruggedeins het nie, al het dit lyding en uiteindelik die kruis beteken. Dan alleen kan ons roepingsgetrou ons werk doen.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Ds. AL (Abri) Pelsner (Bethlehem)*